# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Genoeg is Genoeg

**Skriflesing:**
Lukas 22:24-54, 63-71 (2020)

**Teksvers**:
Lukas 22: 48- 51

**Sing**:
Ps 45:1, 3, 4, 5, 10
Sb 12-2:1, 2, 3, 4, 5
Ps 40:3, 4
Ps 2:1, 4, 6
Ps 20:1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Artikel 30-32 van die NGB handel oor die regering van die kerk en die ampte wat God daarvoor ingestel het. Die kerk word nie deur hierdie ampte regeer nie, maar deur Chirstus as die Hoof. Hierdie dienaars, moet egter toesien dat die kerk getrou is aan haar roeping en taak sodat Christus se regering getrou uitgevoer word.

In hierdie teksgedeelte vind ons nie minder nie, as drie persone wat baie prominent op die voorgrond tree. Petrus, wat Jesus verloën, Judas wat Jesus verraai sowel as die hoëpriester wat Jesus laat gevange neem en veroordeel. Ons staan vanoggend stil by Jesus se beskrywing oor die wyse waarop Hy regeer.

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Die liggaamlike opstanding uit die dood

**Skriflesing:**
1 Tess 4:13—18 (1983)

**Teksvers**:
1 Tess 4: 18,14

**HK** Son 22

**Sing**:
Ps 36-1;2
Lied 422:1,2,3
Ps 73-1:10
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Die dood is en bly vir ons op aarde ‘n finaliteit van afskeid. Dit bly vir ons ‘n hartseer tyd van treur en verlang. As ‘n geliefde sterf is sy plek leeg. Nogtans het ons as Christene ‘n vaste en lewende hoop. Ons treur nie soos hulle wat geen hoop het nie. Ons het ‘n vaste hoop van waarheen ons gaan. Die Skrif is ook duidelik dat ons eindbestemming, is vir ewig.

- Die ewige lewe is ‘n groot troos vir Christene.
- Die liggaamlike dood is net ‘n tydelike slaap.
- Die liggaam en siel sal permanent herenig, met die wederkoms.



KOMMUNIKAATJIE
Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 48 Nr 39 5 November 2023

# *Ora et Labora*

Hierdie bekende Latynse spreuk beteken: Bid en werk. Dit wys op die twee belangrike aspekte van ons bestaan. Die geestelike, dit is om te bid, en die vleeslike naamlik om te werk.

Die verhouding tussen hierdie twee aspekte het deur die eeue heen baie spanning veroorsaak. Watter een is nou die belangrikste? Ons kan nie lewe as ons nie werk nie, maar om te werk is nie al waarvoor ons leef nie. As jy nie werk nie, mag jy nie eet nie, maar as jy werk bring dit soms uitdagings om tyd te maak vir gebed.

Dit is hier waar roeping ‘n deurslaggewende rol speel. Roeping beteken in kort: om ‘n uitnodiging te ontvang om deel te kry aan die ewige verlossing wat God gee. God roep ons deur die evangelie, die blye boodskap, om deel te kry aan die verlossing deur Sy Geliefde Seun.

Ons word egter vir meer geroep as om net gered te word. Ons word ook geroep tot diens. Die Griekse woord *klessis*, wat ons as roeping vertaal, is die grondwoord van *ekklesia*, wat uitroep tot gemeenskap beteken. Ons vertaal dit ook met gemeente. Ons word geroep uit die duisternis tot die lig, maar ons word ook geroep tot gemeenskap van geloof.

Roeping is aanroeping van God, sowel beroep tot diens. Dit is die twee tafels van die wet. Liefde tot God en liefde tot jou naaste. Daarvan word beskryf in 1 Korintiërs 12 hoe ons hierdie liefdediens kan verrig in verskeidenheid van genadegawes, bedienige en werkinge.

Nie almal ontvang dieselfde gawes, dieselfde bediening of dieselfde werking nie. Tog word ons in die verskeidenheid van gawes geroep tot eenheid in en onder Christus as Sy kerk. Daardeur word nie net ons ora nie, maar ook ons labora as diens aan God gewy. Om biddend te werk. Dan word ons deur die geloof, medewerkers van God, in sy diens, en tot sy eer.

Lourens (vdm)

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00

Engelse Diens: 11:00

Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Dien die Here met blydskap

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Telefoon: **012 664 2614**

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 24 Ps 150:1 Volgende week: Les 25 Ps 150:1

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Sustentasiefonds

**Volgende week: Spesiale kollekte brande in Noord-Kaap**

By die deure: Teol studentekas

***Maandelikse bydraes dmv EFT—Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur* ***bevestigende epos*** *aan admin@gkcenturion.co.za*

| **Kerk se bankbesonderhede:** | **Inbetalings vir die Diakonie:** | **Inbetalings vir die Susters:** |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |



## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!

Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop 'n okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings.

Daar is geen versorgings fasiliteite nie—Bepalings geld op persone ouer as 80 jaar.



Die eenheid wat beskikbaar is bestaan uit :

2 slaapkamers, 2 badkamers, kombuis, eet– en sitkamer, toesluit motorhuis met privaat stoep en tuin. Beskikbaar vir okkupasie vanaf ongeveer 1 Desember 2023. Die prys is R1 090 000. Die heffing vir 2023 is R1 729 en die vaste munisipale kostes beloop tans R329. Al wat dan nog bykom is die elektrisiteitsgebruik. Aansoekvorms is by die ondergenoemde persone beskikbaar. Aansoeke word deur die bestuur van die Oord oorweeg.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Rina Venter (op terrein) 071 403 4143 of Gerrit Beumer 082 572 5235

**Aansoeke sluit 27 November 2023**

## Senior Aksie



Die Senior Aksie hou DV hulle afsluitingsete

by Centurion Hospice

op Maandag, **13 November** om **12:00.**

Laat weet asseblief voor Dinsdag 7 November of u die ete gaan bywoon:

**Ina Nel (083 408 7811) of Liesje Kuperus (083 481 1160).**

Die ete kos R100.00 vir diegene wat nie ledegelde betaal het nie. Bring 'n geskenkie ter waarde van R20.00 saam om uit te ruil.

Indien u vervoerprobleme het, laat weet ook vir Ina of Liesje.

Almal welkom!

**Klein advertensies:**

Ons by **OPPI STOEP** sal enige funksie graag vir jou wil doen teen 'n billike prys. Kontak Johan Wiegand 082 498 6314.

**PF Wolmarans Prokureurs.** Ek behartig opstel van testamente, Boedelbereddering en registrasie van huis-oordragte. Onthou die verkoper stel die prokureur aan. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Algemene huiskontrakteur** - Waterdigting van huisdakke, verfwerk, plaveisel, teëlwerke, herstel van waterlekke, gasinstalleering, staalwerke, afsaag van bome, water tanks, drukpompe op solar, geyser omskakeling na sonkrag. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Woonstel te huur:** Ruim 2 sk vanaf 1 Nov. Hoek van Trichard- en Krugerlaan, Lyttelton. Toesluit afdak, pre-paid krag. Geen troeteldiere. Kontak Magda Pelser 082 780 8746.

**Affie Plaas** bied hoë kwaliteit leerskoene en leerprodukte. Ons bied ook 'n skoonmaakdiens om die las in jou huis en kantoor ligter te maak. Magdaleen vd Heever 062 268 2699.

**Spesiale kollekte vir brande in die NoordKaap**

**12 Nov** albei die eredienste

Groot gedeeltes van die Noord-Kaap het onder verwoestende veldbrande deurgeloop. Duisende hektare weiding is afgebrand. Baie boere het ook groot hoeveelhede vee in die brande verloor.

Die Deputate Diakonale Sake(DDS) se diensgroep vir Noodtoestande het op Woensdag, 01 November 2023, met die gemeentes in klassis Griekwaland-Wes vergader en navraag gedoen in terme van onmiddellike nood wat dringend aangespreek moet word.

Die DDS het reeds 150 ton Mieliereste aangekoop om die onmiddellike nood aan te spreek. Dit is egter duidelik dat daar nog geweldige groot nood heers en dat daar vir `n geruime tyd hulp benodig gaan word.

Die diakonie van GK Centurion het besluit om **Sondag, 12 Nov** tydens albei die eredienste 'n spesiale kollekte vir die doel te hou .

Bankbesonderhede vir bydraes kan gekry word by sr. Anri Kotzee, sdds@gksa.co.za

## Evangelisasie Oggend!!

**Saterdag 25 Nov om 08:00 (met gratis ontbyt)**

**Die Christen en Lyding –**

**Is jy bereid om te ly vir jou geloof?**

1 Petrus 1:5-6 "*En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word. Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word.*"

- Dr Douw Breed kom met ons gesels oor die lyding wat Christene wêreldwyd ervaar, en wat ook op ons wag.
- Kom hoor van sendelinge wat hulle beywer vir die evangelisasie van nasies tussen Sjina en Israel.
- Daar is 'n wonderlike oplewing van mense in die Midde-Ooste wat hulle bekeer en Jesus begin volg. Kom hoor wat gebeur met die Kerk in Noord-Afrika en die Midde-Ooste.






**RSVP by die Olyfboom na die oggenddiens**



# *Verjaasdae*

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 06-Nov | Martie | Erasmus | C04 | 27828176917 |
| 07-Nov | Jors | Groenewald | A03 | 27833816454 |
| | Loura | Jv Rensburg | B04 | 27726271137 |
| | Tillie | Kamper | B10 | 27832578768 |
| 08-Nov | Jossie | Briers | A01 | 27823715383 |
| | Guan | Buys | B09 | 27840508821 |
| | Ilona | Erasmus | A10 | 27846741108 |
| | Martie | Louw | A10 | 27796804503 |
| | Lelo | Masie | E01 | 27730994955 |
| | Henriette | Roux | A13 | 27794509597 |
| 09-Nov | Wietske | Boon | B18 | 27824114015 |
| | Moritz | Jv Vuuren | B04 | 27724441182 |
| | Santie | van Rooy | B07 | 27825928952 |
| 10-Nov | Lourens | de Beer | C10 | 27834472191 |
| | Tertius | Horak | B14 | 27829256015 |
| | Annelize | Kruger | B14 | 27824185278 |
| | Anton | Smith | B10 | 27828563704 |
| | Piet | v Rooyen | B10 | 27824538446 |
| 11-Nov | Koos | Lessing | B04 | 27769081993 |
| | Hennie | v Rooyen | B08 | 27829325634 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 09-Nov | Milané | Niehaus | A12 | 27820604409 |
| 10-Nov | Christian | Boon | B18 | 27824114015 |
| 11-Nov | Daniël | Fourie | B13 | 27834099080 |

# *Ons gee om vir Mekaar*

***"Net by God vind ek rus..." Ps 62:1***

*Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra*

### Beroepe aanvaar

- Ds TF (Thomas) Dreyer van GK Randburg na Cross Culture Church.
- Ds GD (Orrie) Oosthuizen van GK Vaalharts na die Zion Reformed Church (RCUS) in Menno, Suid-Dakota, met spesifieke opdrag: bediening aan die kerkplant, by name: Covenant Reformed Chapel (RCUS) in Manhattan, Montana, VSA.

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Passage: 1 Tess 4:13—18

Rev Gerrit Kruger




## DIE PRESIDENT KRUGERKINDERHUIS PRETORIA

**'n Gereformeerde Diakonale instansie**

**Is <u>DRINGEND</u> opsoek na vakansie-ouers!** Is u bereid om as vakansie-ouer op te tree vir 'n kind? Aansoeke vir eerskomende Desember-vakansie moet reeds @ 24 November 2023 gedoen word.

Telefoonnommer: (012) 332-1366/7 of versorging@pkkhuis.co.za

# Bybelstudie

## Juventus (18-24)

Dinsdagaande 19:00

## Koningskinders-klerebank



Het jy ekstra klere in jou kas wat nie meer pas nie? Skenk dit asb vir ons klerebank.

Kinderklere vir ouderdomme 6-15jr en enige ander klere is ook welkom!

Ons benodig ook rakke om die klere volgens ouderdomsgroepe uit te pak.

Plaas in houer gemerk klerebank wat by die hoofingang, onder kennisgewingbord staan.

Vir meer inligting kontak:
Helena du Plessis 079 751 1957

# KOM SEIL SAAM

*op die tienerseilkamp*

SEIL | SWEM | ROEI
BYBELSTUDIE | SPELETJIES
KAMP | ONTSPAN | RUS

**Datum: 7-10 Desember 2023**
**Plek: Boskop Yacht Club**
**Kostes: Kinders 3-7 jaar R600 & ander R750**

- **Kampeergelde R200pp (0-3 jaar kamp gratis)**
- **Etegelde R400 (3-7jaar) & R550 (8jaar +)**
- **Vervoerkostes uitgesluit**



**Kontak vir verdere reëlings:**
**Ds. Lourens Venter: Sel: 082 529 2330**



## Inligtingstuk Kuratore dagbestuur

Vrae en antwoorde rakende die teologiese opleiding en predikantsopleiding van die GKSA is op die kennisgewingbord geplaas vir u insae.

Indien u 'n kopie wil bekom kan u gerus u Ds of die kantoor nader.

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**5 Nov**

| | |
|---|---|
| Magda Pelser | Blok A |
| Louise van Niekerk | Blok B |
| Zanie Kruger | Blok C |

**12 Nov**

| | |
|---|---|
| Hester vd Merwe | Blok B |
| Wilmarie Rheeders | Blok B |
| Tarina Human | Blok C |






Die somermark was 'n groot sukses en ten tye van die skryf van hierdie berig, is die finale sysfers nog nie aan my bekend nie.
Al wat nou gedoen kan word is om die volgende groepe te bedank vir al hulle ondersteuning en harde werk:

1. *Die Projekspan* – vir al die tyd wat ingesit is om die beplanning en werkies te doen.
2. *Die Mark-koördineerders* – dit was heerlik om saam julle te werk en veral vir die samewerking wat julle ook bewerkstellig het deur lidmate, jongmense en kinders betrokke te kry en 'n geleentheid te skep vir Koinonia – onder mekaar maar ook met die gemeenskap.
3. *Elke lidmaat* wat die mark ondersteun het.
4. *Ons borge*:
   a. *<u>Spar Lyttelton</u>* – Beesvleis vir pot
   b. <u>Henwil Chickens</u> – Hoendervleis vir pot
   c. <u>Centurion signs</u> – Roomys en plakkaatdrukwerk
   d. <u>David Faber</u> – eiers
   e. <u>Yoco</u> – borg 10 kaartlesers
   f. <u>Lidmate</u> vir al die skenkings van bestanddele, wit-olifant items en kontantdonasies.
5. Besighede wie aan ons dienste en produkte teen afslagpryse voorsien het:
   *a. Flinkdinkbemarking*
   *b. Le Petit Pain h/a DF Bakkery*
   *c. Seemans Castle Gate*
6. Dankie aan my vrou, *Louisa*, vir al jou geduld, ondersteuning, inisiatiewe en liefde deur hierdie tyd.

*Alle die eer en dank aan God, ons Vader in die Hemel vir Sy genade, liefde en trou.*

GKCProjekspan